Bundel A: Die begin

Week 04: Isak

Dag 3: God voorsien die weg tot verlossing aan die wat glo (Gen 22).

Gebed

Raak stil voor God en vra dat, gedurende hierdie stiltetyd, Hy

- Jou hart ten volle op Hom sal laat fokus.
- Jou oë sal oopmaak vir wat daar werklik in Sy Woord staan.
- Jou hart so vol sal maak van die Gees dat daar nie plek is vir iets anders nie.
- Jou sal laat oorloop van die veugde wat jy in die Woord sal vind.

Lees deur die bril

Voor jy die teksgedeelte lees, onthou jy moet lees om die volgende oorkoelende vrae te belig:

- *Hoe beklemtoon die skrifgedeeltes die allesomvattende heerlikheid van God?*
- *Hoe belig hierdie tekste, of ander kruisverwysings, die getroue Verlosser, Jesus Christus, se onverdiende reddende werk as jou enigste troos in lewe en sterwe?*
- *In die lig van die tekste, hoe word jy daagliks vernuwe deur die Heilige Gees en so met vreugde gevul, dat dit oorvloei in 'n Gees beheerde gehoorsaamheid van geloof en dankbaarheidslewe van liefde, wat gewortel is in die kruis van Christus en sal lei tot eer van God?*

Bybelstudie

Lees nou Genesis 22. Lees dan ook die teksgedeeltes by elke vraag en laat die vrae jou lei in jou oordenking van die gedeelte.

1. *Wat vra God van Abraham (Gen 22:2)?*
2. *Hoe reageer Abraham (Gen 22:3)?*
3. *Wat antwoord Abraham vir Isak oor die offer lam (Gen 22:8)?*
4. *Het Abraham se geloof oorgegaan in dade (Jak 2:21-22)?*
5. *Hoe het God voorsien (Gen 22:13)?*
6. *Het Abraham geglo in die wederkoms (Joh 8:56)?*
7. *Die belofte in Gen 22:18 is vervul die met Jesus se geboorte. Is daar ook vir ons ‘n Lam voorsien (I Pet 1:19, Joh 1:36, Op 13:8)?*

Lof en aanbidding

- Lees die gedig as lofprysing (of gebruik enige ander vorm van lofprysing – lees 'n Psalm, sing of luister na 'n gepaste geestelike lied).

Isak en die offer

Jy moet jou seun gaan offer is wat Ek vra. (Gen 22:2)
En Isak het self die offerhout gedra... (Gen 22:6)
Pa, ek kan nie ’n offerlam hier sien?
Seun, God sal self die lam voorsien. (Gen 22:7-8)

Net toe Abraham die mes vat om te slag
Roep God: “Abraham, Abraham, wag!
Nou kon ek duidelik sien
dat jy My regtig dien.” (Gen 22:10-12)

Isak en die offer

Wat het by Isak se offer gebeur?

God gebruik dit om te leer:

Geloof sal jou nie baat

as dit nie oorgaan in ‘n daad. (Jak 2:21-22).

Abraham was vir die dood nie bang

hy het geweet hy kan Isak terug ontvang. (Heb 11:18-19).

Alhoewel hy geweet het dat hy dit nie verdien

het hy geglo dat Hy God eendag sal sien. (Joh 8:56).

Isak en die offer

Wat het by Jesus se offer gebeur?
God gebruik dit hierdie keer:
Dis ’n volkome verlossingsdaad
van al jou sonde en kwaad.

As God die onmoontlike van jou vra,
weet ook Hy het sy eie kruishout gedra.
Die plaasvervangende ram
wys heen na Christus, die Lam. (Gen 22:18)

Isak en die offer

Daarom is ek vir die dood nie bang

want ek weet ek gaan die lewe ontvang.

En al het ek dit nie verdien:

Ek gaan God eendag sien!

Sluit af met gebed

Gebruik dit wat jy sopas ervaar het om tot God te bid.

As jy riglyne nodig het, gebruik die volgende:

- Prys God vir sy grootheid en gee aan Hom alle eer.
- Bely jou swakhede.
- Dank Hom vir wat Hy vir jou gedoen het.
- Doen voorbidding vir jou en die mense om jou.